RESPONS OP REKTOR SE VERKLARING

Iemand het by geleentheid gesê:"We all have made mistakes, We can't change the yesterdays but we can change the tomorrows." Vandag is so 'n handeling: op reg te stel wat in die verlede verkeerd gegaan het!

Die groepsgebiedewet wat soveel hartseer, pyn en lyding meegebring het, was een van die hoekstene van die wrede apartheidstelsel. Deur hierdie afskuwelike wetgewing het die toepassers hiervan mense uitmekaar gedryf. Dit het diep en pynlik seergeslaan. Dit het swaar verdiende eiendomme o.a. huise, vier kerkskole, Hoërskool Lückhoff, kerke en besighede van mense ontneem. Dit het mense ontneem om te sosialiseer met wie hulle wou; dit het die band wat tussen bure gevestig is, onherstelbaar verbreek; dit wou mense hul waardigheid van hul wegneem.

Gebelg deur hierdie wetgewing, het ons vreedsaam herbou in " vreemde gebiede" te Idasvallei en Cloetesville. Te midde daarvan dat verskillende rasse van mekaar moes wegbly, het die "Church at Home", nie-rassig en interkerklik, onder die waaksame oog van die altyd teenwoordig veiligheidspolisie Sondagaande plaasgevind.

We have always been adamant that our property and heritage should be returned to us. There was also a willingness to forgive and to constantly work for hope, reconciliation, peace and healing in our community.

This gesture by the the Univ of St'B to return the old Lüchofff building as a beacon of hope, signifies great hope for the transformation of Stellenbosch. It serves as a balm for deep-rooted wounds and pain, which we believe, will heal with time.

You have proven to South Africa here today, Prof. Botman, that you "walk the talk" and that you are committed to change the image of the Univ of St'B from being an instrument of apartheid to an active participant in the creation of equality and justice for all, reconciliation, peace, healing and above all, hope for the future.

Dit is duidelik dat u, Prof. Botman, wil breek met 'n verlede van gebrokenheid en stukkendheid; dat u 'n onberekenbare bydrae wil lewer tot die vestiging van 'n onverdeelde, demokratiese, gesonde en regverdige gemeenskap – 'n gemeenskap waar ons almal sal sê: "Nooit, nooit weer sal in ons dorp, ja in ons land, verontmensliking toegelaat word nie!" Ons sê dit met die oortuiging dat: "All we have seen and experienced teaches us to trust God for what we have not seen – a hopeful future."

EK DANK U / I THANK YOU